DEEL 115 | WEEK 11 | 17 MAART 2023 | R5

# HEILBRON HERALD



# WATERPROBLEME

## *Heilbronners is moedeloos*

Groot gedeeltes in Heilbron het sedert verlede Maandag ongeveer 12 dae lank geen water gehad nie. Teen Maandagaand was daar beperkte invloei, maar laat Dinsdagmiddag het dit weer opgeraak, hierdie keer as gevolg van vandalisme. Daar is na bewering 'n gedeelte van die kabel wat krag aan waterpompe verskaf afgesaag en gesteel. Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe, ervaar die dorp tans probleme met waterlewering deur Rand Water. Die hulp van plaaslike kundiges is Maandag ingeroep om die probleem te probeer beredder en daar word tans twee keer per dag vloeilesings geneem om die hoeveelheid water wat van Rand Water ontvang word te monitor. Op Dinsdag het die lesings aangedui dat daar oor die toe afgelope 24 uur gemiddeld 266 Kiloliter per uur ontvang was, terwyl die ooreengekome volume 334 Kiloliter per uur moet wees. Dit kom daarop neer dat Heilbron slegs ongeveer 80% van die water wat hom toekom ontvang. Woensdagoggend was die lesing selfs minder (slegs 226 Kiloliter per uur).

In 'n onverwagte wending in die Heilbron waterprobleemkwessie het Ngwathe se burgemeester, raadslid Victoria Mtombeni, gister 'n brief van Rand Water ontvang waarin erken word dat Rand Water tans probleme ervaar om te voldoen aan waterverskaffings-verpligtinge. Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe, bevestig dit nou sy vermoede dat Heilbron die afgelope tyd nie sy volle ooreengekome kwota water vanaf Rand Water ontvang het nie. Inwoners was bekommerd die verminderde lewering was die gevolg van wanbetaling van Rand Water se rekening, maar volgens die VF Plus het die munisipale area hoof met Rand Water bevestig dat, alhoewel die rekening tans agterstallig is, daar nie op die oomblik enige kredietbeheermaatreëls toegepas word wat lewering beïnvloed nie. Raadslid Van der Merwe het die Heilbron Herald meegedeel dat burgemeester Victoria de Beer op sy aandrang 'n hoëvlak veelparty-onderhoud met Rand Water se senior bestuur aangevra het om die probleem te bespreek. Rand Water het na verneem word ingestem daartoe, maar senior bestuurders is nou blykbaar eers na 30 Maart 2023 beskikbaar. "Ek sal die situasie bly monitor en bly aandring dat die beoogde onderhoud wel realiseer sodat die leweringskwessie aangespreek kan word", sê raadslid Van der Merwe verder. "Dis verstommend dat ons so lank moet wag", sê DA-raadslid Robert Ferendale aan Heilbron Herald. Hy het gister probeer aandring op 'n vinniger remedie. "Maar die areahoof is nou skielik op studieverlof, en die Tegniese Direkteur ignoreer my navrae." *Sien Brief van Rand Water op bl. 3.*









# Senior-lekkerte in die Herfsson

Huppel Trippel Klub se eerste Sportdag was 'n dawerende sukses! Tussen Jukskei, Graspen, Kettieskiet en Volleyball deur het twee baie bekwame braaiers, Jeff Roos en Gideon Malherbe, boerewors gebraai. Met toeskouers wat ontspanne onder die koeltebome gesit en kyk het, het die deelnemers hulle slag gewys. Nonna het gesorg vir boeremusiek wat die stemming nog verder verbeter het en Yvonne Smit, die fotograaf, moes haar bene dra om al die aksie vas te vang. Die dag is afgesluit met 'n heerlike boereworsbrak en yskoue koeldrank. Op 28 Maart kan die lede 'n verrassing verwag.



# Heilbron Clinic - News

## *TB Awareness*

**Know the signs of TB**

- Coughing for two weeks or more
- Sweating at night
- Loss of weight
- Loss of appetite
- Tiredness

If you have any of the above signs visit your nearest clinic for a FREE TB test and treatment

**If you have TB**

- test for HIV
- TB is fully curable even if you are HIV-positive
- It does not mean you are HIV-positive

**TB & HIV**


- If you are HIV-negative, you have a 10% chance to contract TB in your lifetime
- If you are HIV-positive, there is a 10% chance every year, that you will contract TB
- Early detection and treatment of TB help prolong the life of people fir HIV or **AIDS**
- If you are HIV-positive

HIV attacks the body's immune system and makes you more likely to contract infections. One of the common infections you can contract, is TB – therefore know the signs of TB.

- You should be regularly screened for TB at your nearest clinic
- TB in HIV-positive people, may be present outside the lungs
- TB is fully curable even if you are HIV-positive

**Healthy Living**

- Eat a balanced diet containing starch, proteins, vegetable and fruits
- Drink at least 8 glasses of water per day
- Exercise and be active
- Practice safe sex




# Uitdiepen: *Week 11 van 2023*



Ek kan boeke skryf oor elkeen van my kollegas, want hulle is divers en uniek in byna elke opsig. Maar om tot hier te kom, was nie 'n piekniek nie. Hier was ou hout wat gesnoei moes word, maar die ou hout was wragtag harder as 'n witstinkhouttak. Daar is mos sommige mense wat nie wil verander nie, ten spyte van die hele wye wêreld wat verander. Ek verwys na verander ten goede om jou werk makliker te maak.

Witstinkhouttak 1 het een oggend uit woede haar bedankingsbrief ingedien, en later die middag dit teruggevra. Ons baas het diplomaties verduidelik dat hy haar bedanking sal eer. Wie kan nou met so 'n redenasie stry?

Witstinkhouttak 2 het met haar bedanking vir ons baas gesê dat haar kind 'n pos by 'n baie ekskusiewe firma in 'n vreeslike ver land aanvaar het, en dat sy daarom besluit het om hemel toe te trek. Dis nou die Wes-Kaap, want wragtag, al gaan dit oes met die infrastruktuur en verkeer, dis mooi daar en min of meer alles werk soos dit moet.

Natuurlik was Witstinkhouttak 2 se redes 'n liegstorie. Maar dit daargelaat.

Ons kry twee nuwe kollegas. Dit het rukke en stote en hortende asems gevat, maar die twee nuwe kollegas pas uiteindelik soos 'n handskoen en kom met vernuwende idees om almal se werk makliker te maak. Wat 'n loutere plesier om saam met hulle te werk!

Dan is daar Maki. Sy was die stil ene, maar by Maki het ek iets geleer wat niemand nog ooit gesê het nie. Ons was by een van die hordes werkswinkels wat ons verlede jaar moes bywoon. Iemand het gevra watter lewenslesse ons al ooit oor ons werk geleer het.

Genadiglik het niemand my gevra nie, want 'n paar van my lesse sou wees:

1. Ignoreer ongeskikte mense, al is hulle kliënte. Die kliënte is nie altyd reg nie (verkeerd).
2. Sit die foon neer as iemand ongeskik is (moenie).
3. Wanneer iemand 'n vieslike e-pos skryf, reageer op dieselfde manier (glad nie!).
4. En nog 'n rits onnoembare dinge.

Maar Maki het die wind uit my (dik) seile gevat. Synde sy nie Afrikaanssprekend is nie, gebruik ek dieselfde woorde wat sy geuiter het. Sy het by haar ma geleer: "Respect your craft."

Nadat die woorde my voor die kop getref het en my uitgeslaan het soos Gerrie Coetzee se uitklophoue, maak dit heeltemal sin om jou werk te respekteer.

Daar word vertel dat SA op die rand van 'n resessie is. Die 2022 statistieke vertel die volgende verhaal: 63,9% van mense tussen 15 en 24 jaar oud is werkloos (dis nou diegene wat nie meer in die skool is nie), 42,1% van diegene wat tussen 25 en 34 jaar is, is werkloos. Volgens Bloomberg is gemiddeld 34,9% van mense in SA werkloos. Dit kom neer op 7,9 miljoen asems wat nie werk het nie.

Ja, ons almal het ons eie opinies waarom werkloosheid so hoog is. Hier is my vraag: as jy dan van die bevoorregtes in SA is wat wel werk het, hoekom respekteer jy nie jou werk nie?

Die onlangse staking verwys: Mense in die gesonheidssektor, waar pasiënte daagliks doodgaan omdat hulle iedergeval nie ordentlike gesondheidssorg kry nie, staak. Nie net staak nie, hulle verhinder diegene wat wel hulle werk respekteer om hulle werk te doen. Ek sien 'n foto van 'n man met 'n sambok wat mense weghou van 'n hospitaal. Hoe het ons tot hier gekom?

Daar is beeldmateriaal van 'n dokter wat nie haar pos wou verlaat nie en sommer dwarsoor haar tafel gaan lê het toe die anargiste die hospitaal inbars. Sonder seremonie is sy van die tafel af gesleep.

Wat gaan hier aan?

Ek praat met 'n kleine wysneus, agt jaar oud. Sy en haar ouers was by 'n bekende kettingwinkel se slaghuisafdeling om vleis te koop. By die huis gekom, maak hulle die pakkie oop en kry twee pragtige, blinkgroen brommers in die vleis.

Die drietal gaan opsluit terug slaghuis toe.

Hulle wys die brommers aan die slaghuis se bestuurder en dié roep sy personeel. Hy verduidelik, in geen onduidelike taal, dat hierdie nie geduld gaan word nie. Die personeel, met die uitsondering van een, verstaan die erns van die saak. Wysneus en haar ouers kry 'n nuwe pakkie brommerlose vleis.

Wysneus vertel my dat die een persoon afgetrokke na die dak gestaar het en gesê het dat sy nie belangstel in ander mense se klagtes nie. Sy worrie ook nie oor haar werk nie, want niemand gaan haar fire nie. Kan jy dit glo? Vra Wysneus. Sy worrie nie oor haar werk nie!

Komende van 'n agtjarige.

En dan kom Maki se ma se wyse woorde in my hart op: "Respect your craft."

Sekere vakunies respekteer glad nie die feit dat mense wel werk het nie. Daar moet gestaak word as hulle nie hulle sin kry nie (hallo, wêreld: hier kry ons nie altyd ons sin nie, raak gewoond daaraan). Geweldadige betogings is aan die orde van die dag, met die SAPD en die weermag wat toekyk. Toekyk, sonder om iets te doen. Wat is die waarde daarvan, iedergeval?

Daar is politieke partye wat hulle ook tot geweld wend. Nie in die openbaar nie, want ek lees gister 'n uitnodiging van een van die partye tot 'n staking. Die uitnodiging begin met: "Liewe vredeliewende Suid-Afrikaners." Se voet. Ek het al gesien watter verwoesting hulle kan saai.

Hier is die interessante deel hiervan: wanneer jy jou werk doen, en dit doen tot die beste van jou vermoë, sal jou baas jou definitief raaksien. In die staatsdiens sal jy nie noodwendig daarvoor beloon word nie, maar daar gaan mense wees wat spesiaal vir jou gaan dankie sê. Groot veer in jou hoed!

Hierdie week se les kom van Maki af: "Respect your craft." Wees dankbaar dat jy werk het, en doen dit alles van harte. Asof vir die Here.

Sela.

# Rand Water Confesses over water shortage to Heilbron

In a letter from chairperson of Rand Water mr. Ramateu Monyokolo directed to the Mayor of Ngwathe, Cllr Victoria de Beer regarding the water shortage of Heilbron they had the following explanation:

Rand Water operates a complex water network consisting of water treatment works and pump stations. The water treatment plants and pump stations are the engine of the production and distribution of water, without which water cannot reach the consumers. Rand Water therefore cannot function without electricity. In recent months, power failures have been experienced across Rand Water systems which are supplied by power through Eskom, City Power (City of Johannesburg), City of Ekurhuleni and Emfuleni Local Municipality.

Although Rand Water experiences power failures across all systems, Emfuleni Local Municipality is the most challenged supplier affecting the Rand Water Eikenhof and Zwartkopjes systems. The purpose of this correspondence is therefore to conscientize the Minister of the challenges faced by Rand Water in supplying water. Power failures experienced at the Vereeniging Water Treatment Plant have become a daily occurrence. Figure 1 on the right depicts the power failure challenges since January 2022 to date (March 2023). The graph clearly shows the deteriorating situation in terms of experienced outages. Further to the hours lost due to power failures, once the power is restored, Rand Water still has to prepare the plant for production prior to the actual production. This exacerbates the situation wherein for every hour of power outage, Rand Water needs 2 – 3 hours of recovery period. The above elaboration is a clear indication that, under these worsening conditions, Rand Water cannot supply water sustainably.





*Figure 1 - VG Power failures Downtime from Jan 2022 to date.*

In April 2022, Rand Water experienced 390 hours of power outage. This is an equivalent of 16 days in one month. Rand Water is not able to supply water without sustainable provision of electricity. Rand Water is currently engaging Emfuleni Local Municipality to resolve the electricity issues on an urgent basis in order to avoid water shortages.

Rand Water has engaged Emfuleni Local Municipality and proposed to intervene with respect to the upgrade, repairs, refurbishment, operations and maintenance of the sub-station in question. The Municipality has agreed that Rand Water should step in and submit a proposal to take over the electrical sub-station. Rand Water appreciates the gesture and is accelerating the proposal as agreed.

We hope that this electricity supply matter will be resolved soon and sustainable water supply is restored.

# Maandag: "Meer blaf as byt"

Julius Malema dreig steeds dat hy en sy EFF-groepe SA Maandag landswyd tot stilstand gaan dwing tydens hulle sogenaamde Total Shutdown.  Hulle eis dat winkels, kafees, apteke, vulstasies, werkswinkels en kantore almal Maandag heeldag hul deure gesluit moet hou. Hulle eis ook dat werknemers nie moet gaan werk nie, en eerder by die EFF se optogte moet aansluit. Volgens Netwerk24 het Malema eergister beloof hulle sal vreedsaam betoog, maar enigiemand wat dit wil keer "sal hul Heiland ontmoet."

Die ANC het mense egter versoek om nie te betoog nie want "dis 'n poging om 'n opstand te stook deur 'n party wat maar 6% van nasionale kiesers se steun kon kry." Afriforum meen dat die EFF "meer blaf as byt " is, en dat die betogings sal misluk. Dr Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier, het eergister aan Vrystaatse DA-raadslede gesê dat die EFF nie voldoende plaaslike strukture het om sy dreigemente in Vrystaatse dorpe te kan uitvoer nie. DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het aan burgemeester Victoria de Beer geskryf:

"Our businesses have the right to remain open, as usual. They require your reassurance, dear Mayor, that you believe there will be police and other protection against intimidation—and especially against criminal looting. As Cape Town's DA mayor warned Malema: 'Don't be stupid, don't try that nonsense in Cape Town.' "

Ngwathe se burgemeesterskomiteelid vir openbare veiligheid het inwoners kort daarna verseker die veiligheidsmagte is paraat om firmas en werknemers Maandag te beskerm, ook in Heilbron.

# Briewe van ons lesers

**• *Brief aan die gemeenskap***
***Corné van der Merwe***

Ek antwoord met die volgende skrywe gerig aan die Herald na aanleiding van die berig oor die Voortrekkerterrein.

"Mnr Klakous, of dan Mevrou Klakous. Mag ek enkele veranderinge aan u klagte in die Herald doen.

Klakous, jy sien, eintlik het jy jou feite verkeerd.

Die Sasolburg-pad behoort aan iemand anders - die staat. Die boere wat bure van die pad is, is gegrief deur die toestand van die pad. Daarom het hulle hand in eie boesem gesteek, uitgespring en die pad reg gemaak.

Nou Klakous, hierdie saak staan presies dieselfde of dalk beter. Die Voortrekkerterrein behoort aan die volk van die land. Dit is n erfenis terrein - ou konsentrasiekamp. M a w, dit behoort ook aan jou, Klakous.

As die terrein jou as buurman daarvan grief, spring in, steek jou hand in jou boesem en maak skoon.

Klakous, wat het jy al gedoen om iets te laat beter lyk, mooier vertoon of meer bewaar word.

Ek hoor graag wat jy gaan doen om in hierdie situasie te help, om ook jou deel te doen.

Ons was reeds in gesprek met die museum om saam te werk, het ook al met tuindienste afsprake gehad. Tuindienste is bereid om teen 'n verminderde koste die Voortrekkers te help, maar gaan steeds R7 200 per jaar kos, behalwe die eerste R1 000 om die terrein weer net skoon te maak.

Ons het tans ongeveer 23 kinders. Van hul ledegeld van R600 gaan R520 aan Vrystaat, en R80 na die kommando. Dus het ons R1840 per jaar om die munisipaliteit te betaal, versekering op geboue, ens. Dit skiet ver te kort. Dus, daar kom baie fondse uit ons sakke. Ons raak leeg.

Ons het reeds planne beraam om die terrein beter te laat lyk. Nou wag ons net vir jou.

Ons leer wel ons kinders om te bewaar, en vele meer, maar ons kinders is nie arbeiders nie."

# Ter ruste gelê









# Poppekas by Kleuterkasteel



*Verlede week het die kleingoed van Kleuterkasteel 'n heerlike poppekas vertoning deur Kobus Myburg geniet. Die tema van die poppekas aanbieding was Eendjie Wat Nie Kan Kwaak nie. Die kleuters van Kleuterkasteel het die optrede terdeë geniet. Almal het saam gelag en gesing terwyl die storie vertolk is. Die opvoedkundige vertoning het die kleuters geleer dat dit nie saak maak hoe anders jy is nie, daar is altyd ŉ plekkie vir almal.*



# Oupa- en oumadag




Vrydag het Bronnies Dagsorg hulle pienkvoete se grootouers genooi om ŉ prettige dag saam met hul kleingoed te geniet. Die Ouma en Oupa-dag was baie spesiaal en die geleentheid was daar om die grootouers te vier en hulle liefde en waardering te wys.

Die dag het begin met 'n spesiale seremonie waar die grootouers verwelkom is en bedank is vir die rol wat hulle in die lewens van ons kinders speel. Daarna is almal na die klaskamers waar hulle aan 'n verskeidenheid aktiwiteite saam met hul kleinkinders kon deelneem, soos speletjies, liedjies sing en handwerk. Op hierdie manier is die kinders die geleentheid gegun om 'n spesiale band met hul grootouers te bou en om 'n bietjie van hul kultuur en tradisies te leer.

Ouma en Oupa-dag was ook 'n geleentheid vir die grootouers om betrokke te raak by die skoolgemeenskap en om te sien hoe hul kleinkinders groei en ontwikkel. Dit is 'n baie belangrike en waardevolle geleentheid vir beide die grootouers en die kinders.

# Musiekpret 'n groot sukses

In 'n donker tyd vir Heilbroners met beurtkrag en watertekort, het Hoërskool Heilbron se onderkomitee gesorg vir groot vermaak en vet pret by die Musiekpret Vrydagaand. Die saal was gevul met musiekkenners wat reg was vir n bietjie vriendelike kompetisie. Grappies was gemaak, dansies was gedans.

Die aand was vol opwinding en energie, met elke tafel wat wou wegloop met die titel MUSIEKPRET Wenner. Jaco Dixon, aanbieder van die aand se program, het verseker dat almal op die randjie van hul stoel gesit het, gereed met hul vinger op die knoppie.

Een van die hoogtepunte van die aand was verseker die kompetisie, waar drie deelnemers se versteekte talente navore gekom het vir die titel van LIPSINC wenner. Uiteindelik is die wenners gekroon, en die gehoor het hulle toegejuig vir hul uitsonderlike vertonings. Op heel laas het die tafel wat hulself die "Oddones" genoem het, weggestap as Musiekpret wenners

Die aand het egter nie net oor musiek gegaan nie - daar was ook 'n paar grappige oomblikke wat almal laat lag het. Gerrie Muller se onverwagse valle was seker die hoogtepunt van die grappe, en dit het mense om hom laat skaterlag.

Alles in ag genome was die Musiekpret-aand 'n groot sukses. Dit was 'n kans vir die gemeenskap om saam te kom en die lewe te vier, selfs te midde van die beurtkrag en watertekort. Dit wys net weer dat 'n bietjie vermaak en pret kan help om die moeilike tye beter te maak.

























# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35(5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.


Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **003663/2022**
Surname: **Taljaard**
First Names: **Jacob Louis Francois**
ID Nr.: **250313 5035 088**
Last Address: **1 De Wet Street, Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Free State, 9640**
Magistrate's Office: **Bloemfontein**
Master's Office: **Bloemfontein**
**ADVERTISER:**
**MAGDELÉNE BARNARD**
**HERBIE OOSTHUIZEN & ASSOCIATES**
**ADDRESS: 71 MONTAGU STREET, MOSSEL BAY, WESTERN CAPE PROVINCE**
**E-MAIL: magdelene@holaw.co.za**
**DATE SUBMITTED: 2023.02.24**
**TEL: 044 601 8700**
Publication date in the Government Gazette: 2023-03-17

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033**
**heraldnuus@heilbron.co.za**







# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | | 5 | 8 | 3 | | 2 | |
| | 5 | 9 | 2 | | | 3 | | |
| 3 | 4 | | | | 6 | 5 | | 7 |
| 7 | 9 | 5 | | | | 6 | 3 | 2 |
| | | 3 | 6 | 9 | 7 | 1 | | |
| 6 | 8 | | | | 2 | 7 | | |
| 9 | 1 | 4 | 8 | 3 | 5 | | 7 | 6 |
| | 3 | | 7 | | 1 | 4 | 9 | 5 |
| 5 | 6 | 7 | 4 | 2 | 9 | | 1 | 3 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | 8 | | | 7 | 9 |

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

CORNELIUS & PARTNERS INC
HEILBRON

Benodig die dienste van 'n

ONTVANGSDAME

Met Rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.

Stuur volledige CV's vir aandag AA Schutte Kerkstraat 40, Heilbron

**E-Pos: amanda@corven.co.za**

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Beginners kom speel saam

Heilbron Gholfklub hou op 1 April 'n gholfdag en beginners word hartlik uitgenooi om die dag saam te kom speel, en dis nie 'n grap nie. Die spelformaat is 'n "Betterball scramble", wat dit ideaal maak vir beginners om die dag saam te kom speel. Verlede Saterdag se plaaslike kompetisie is gewen deur John Watson met 38 punte en tweede was Willem Loots met 37 punte.

Die inskrywings vir die dubbelputjie putjiespel is oop en spelers wat in die kompetisie wil meeding moet so gou as moontlik inskryf. Die naweek is dit gewone spel en inskrywings is vanaf 10:30. Spelers wat graag later wil afslaan moet met die klub reëlings tref. Die klub is ook Dinsdag oop vir spel.

Die geldpottrekking vind weer Vrydagaand plaas en staan die poel tans op R 10 965. Trekking vind plaas om 19:00.



*Willem Loots (Regs) oorhandig die Maart Vetplanttrofee aan John Watson, verlede Saterdag se wenner.*

# Noord Vrystaat spelers sweet tydens Inter-distirkte

Die afgelope week was rolbal se inter-distrikte kompetisie 'n groot hoogtepunt vir rolbalspelers landswyd.

Groep A het in Durban gespeel, groep B het in Gauteng saamgetrek terwyl die veterane daar in George en Oudtshoorn dinge gaan uitspook het.

Dis nou voorwaar 'n kompetisie wat elke rolbalspeler se tone laat omkrul, amper soos Jan Spies se koffie verromer advertensie. "Ryk en lekker".

Heilbron Rolbalklub se Rudi en Tracy Jacobs het as deel van groep A in Durban gaan balle rol terwyl Hannalie Claassen as deel van groep B by die Gauteng streek haar kompetisie gaan speel het.

Wat hierdie kompetisie so besonders maak is dat spelers vanuit die 20 distrikte landswyd deelgeneem het.

Alhoewel NVS in geheel nie baie goed presteer het nie, het Catrien Koekemoer van Koppies se veterane span vierde geëindig in hulle seksie.

Die span waarin Hannalie Claassen as derde gespeel het, het aan die einde van die kompetisie in hulle seksie, in die sesde plek geëindig.

Komende Vrydag, Saterdag en Sondag word die Meesterskompetisie in Kaapstad gespeel. Hierdie is die kompetisie waar die room van Suid Afrika se enkelspelers teen mekaar kragte meet en weereens is Heibron rolbalklub daar verteenwordig in die persoon van Rudi Jacobs.

In die ope afdeling het Rudi alreeds in die verlede brons en silwer medaljes gewen met een goue medalje.

Verlede jaar het hy as veteraan 'n silwer medalje gewen en hou ons duim vas dat hy hierdie jaar as veteraan, 'n goue medalje sal huistoe bring.

'n Ander hoogtepunt vir Heilbron is dat JC Pretorius, as relatiewe nuwe rolbalspeler, by die Meesters as tegniese beampte (merker) gaan diens doen.

Dan gebeur hier 'n ander ding Maandag 20 Maart. Die "challenge" tussen die Besigheidsliga en die Boereverening se spelers!! Dit gaan groot wees, en natuurlik gaan daar lekker kos wees. Kontak gerus vir Hannalie Claassen 079 0400 531 of vir Elza Kriel 083 9885 712 om jou bestelling te plaas.

As plattelandse klub is Heilbron se spelers vuur en vlam.

HEILBRON Gholfklub
BETTER BALL SCRAMBLE
1 April 2023
April fool's Day
R220 inskrywings p.p
Halfway ingesluit.
"Non gholfers" welkom

REMAX POOLS AND LAPAS
MARCH SPECIALS
4 x 3 POOL + 4 x 4 LAPA = R 40 000
5 X 3 POOL + 5 X 3 LAPA = R 45 000
6 X 4 POOL + 6 X 4 LAPA = R 49 000
7 X 4 POOL + 7 X 4 LAPA = R 55 000
8 X 4 POOL + 8 X 4 LAPA = R 65 000
40 X 4 POOL + 10 X4 LAPA = R 80 000
10 X 15 POOL + 10 X 15 LAPA = R150 000
10 X 20 POOL = R200 000
CALL 082 306 7077

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
VLEISSENTRAAL
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 20 MAART 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 21 MAART 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
CAROLINA: INYONI BOERDERY
ALGEHELE UITVERKOPING VAN BEESKUDDE
899 Beeste
11:00, plaas Suikerbosfontein
Kontak Dave Harris 082 573 7979
WOENSDAG -22 MAART 2023
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
HARRISMITH: RONA BONSMARAS
UITVERKOPING VAN STOETKUDDE
11:00, plaas Siloe
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
DONDERDAG - 23 MAART 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
PARYS: DOMAIN BONSMARAS (DE WAAL NIGRINI)
TOTALE UITVERKOPING VAN STOET
11:00, Afri-Dome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
VRYDAG - 24 MAART 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST. 2021
OJ'S ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
50% afslag op alle kos items!
Slegs geldig op Donderdae gedurende Maart 2023 | Alle drankies uitgesluit